

Kruispad e-tydskrif November 2021

Gaan verkondig die blye boodskap!

Een van die opdragte wat elke Christen ontvang is om die evangelie aan ander te verkondig. Vir baie van ons is dit makliker gesê as gedaan. Dan wil jy terugval daarop dat jy met jou lewe sal wys wat jy glo en só evangeliseer. Dis egter nie wat God van jou vra nie: jy moet uitgaan in die wêreld en die blye boodskap van verlossing deel. Natuurlik moet die manier waarop jy lewe God verheerlik en die boodskap uitdra dat jy 'n Christen is. Maar, meer as dit, jy moet ander van die evangelie vertel. Jy moet so oorborrel van die wonderlike verlossing wat jy ontvang dat jy eintlik nie kan help om ander te wil vertel nie. Jy moet soos Jesaja 6:8 wil sê: "Hier is ek! Stuur my!"

In [hierdie maand se Kruispad e-tydskrif](#) ondersoek ons evangelisasie deur vrae daaroor te beantwoord: Wat is evangelisasie en die evangelie? Wie moet dit doen en hoe? Ons kyk ook hoe jy jou vrees om die evangelie te verkondig kan oorwin. Voer jý God se opdrag uit? As jy enige vrae het, [stuur gerus vir ons 'n e-pos](#).

Tot volgende maand,
Die *Kruispad*-span

Wat is evangelisasie?

Weet jy wat dit beteken om te evangeliseer? *Kruispad* kyk na die beginsels wat ons in die Bybel oor evangelisasie kry. [Lees hier](#).

Wat is die evangelie?

Voordat jy die evangelie kan verkondig, moet jy weet wat die boodskap is wat jy moet oordra. *Kruispad* kyk na die wonderlike boodskap van verlossing. [Lees die artikel hier](#).

Hoe moet ek evangeliseer?

As Christen weet ons dat ons die evangelie moet uitdra, maar hoe? [Lees hier](#) beginsels vir evangelisasie én hoe om uit die Skrif te evangeliseer.

Wie moet evangelisasie doen?

Moet ek spesiaal of 'n kenner wees om te evangeliseer? [Lees hier](#) wat die Bybel vir elke lidmaat hierop antwoord.

Oorwin jou vrees om die evangelie te verkondig

Evangelisasie is 'n opdrag; ons mag dit nie vermy nie. [Lees hier](#) hoe jy jou vrees om te evangeliseer kan oorkom.

Bybelstudie: Verkondig die evangelie soos Timoteus

In 2 Timoteus lees ons Paulus se bevel aan Timoteus om die evangelie te verkondig. Bestudeer dié gedeelte om te sien hoe jy tydig en ontydig die evangelie moet verkondig. [Kry die Bybelstudie hier](#).